

## 24 Augustus

## Nehemia 1

### ***Bou die mure!***

Vandag nog is die wêreld opstandig en vyandiggesind teen die Here en teen sy kerk. Vandag nog is daar mense wat die mure om Jerusalem wil afbreek, mense wat dit wat die kerk beskerm en die volk van God beveilig uit die grond wil ruk.

Regerings wat Christelik is moet tot 'n val gebring word en vervang word met regerings wat die lewe vir Christene ondraaglik maak.

Enige iemand wat verkondig dat daar net een God is, die God van die Bybel, word as onverdraagsaam, naïef en oningelig uitgeskel.

Onderwys wat nog die eer van God wil bevorder deur kinders te leer dat net die God van die Bybel die ware God is, is nou uit die bouse en moet met sogenaamde sekulêre onderwys vervang word.

In ons land en in die wêreld geld dit vandag nog: Die muur van Jerusalem lê om en die stadspoorte is verbrand.

Ons het dus lidmate soos Nehemia nodig. Lidmate wat bereid is om uit hulle gemaksones uit te beweeg en leiding te neem om die vervalde muur weer op te bou.

Ons het gewone gelowiges nodig wat so dankbaar is vir die verlossing in Jesus Christus dat hulle bereid is om draers en beskermers van die waarheid te wees. Sulke lidmate sal eendag met lofsange die Nuwe Jerusalem binnegaan waar God self die tempel sal wees. Is u 'n gat in die muur of 'n draer en 'n beskermer van die waarheid wat u plek in die muur vol staan, 'n lewende steen in die kerk van Jesus Christus.

Sing: Psalm 127:1

Ds. H.P.M, van Rhyn (Wilropark)